DIE VERKENNERBELOFTE

DIE VERKENNERBELOFTE

Doel

Om te verstaan waaroor die verkennerbelofte gaan

Uitkoms

- Om die belofte te kan opsê
- Om dit wat jy belowe het, te leef

Doenwenke

- Leer die belofte uit jou kop uit
- Som die kern begrippe vir jouself op

Slaggate

- 'n Groot slaggat sal voor in die pad wees as jy nie die belofte ken of verstaan wat die begrippe beteken nie
- As jy die belofte ligtelik opneem en nie ernstig daaroor dink en seker maak dat jy daarmee kan saamleef nie

Wanneer jy iets voor getuies belowe, beteken dit dat jy jou daardeur laat bind om daarvolgens te lewe. Die Bybel sê immers laat jou ja ja wees en jou nee nee.
Die Verkennerbelofte lees as volg:

Op my eer beloof ek dat ek sal strewe om God te eer,
om my volk, my land en my medemens te dien en
om die Voortrekkerkode na te leef.

Dit is maklik om die paar woorde gou op te sê en jou handtekening daaronder te plaas, maar dit is 'n ander saak om jou woord dag na dag gestand te doen. Kom ons kyk na elke frase in hierdie belofte sodat jy kan seker maak of jy jou daaraan wil verbind:

Op my eer beloof ek
Jy gee jou erewoord.

Dit beteken jy plaas jou goeie naam en reputasie op die spel. Die manier waarop jy die belofte gaan nakom, sal wys wat jou eer regtig werd is.

dat ek sal strewe
Dit beteken dat jy aanhoudend sal probeer.

Ons weet ons is swak en feilbaar en sal partykeer tekort skiet, maar as dit gebeur, sal ons weer probeer. Jesus Christus is 'n goeie voorbeeld van Iemand wat nie toegelaat het dat mense Hom van stryk bring nie. Sy volharding het daartoe gelei dat mense van hulle sondes verlos kan word.

Dit is belangrik dat ons sal opstaan ten spyte van terugslae.

Om God te eer
Ons verhouding met God bepaal ons lewenshouding teenoor mense en die natuur. Jy tree in 'n verhouding met God wanneer jy Hom daagliks in geloof gehoorsaam, Hom dien, Sy lof besing en met Hom praat deur gebed. Al hierdie dinge wat ons aan God verskuldig is, word saamgevat in die woord “eer”.

om my volk te dien
Jy behoort aan 'n unieke volk wat sy eie taal en kultuur in Afrika ontwikkel het. Omdat die Here jou 'n deel van hierdie volk gemaak het, is jy geroepe om die Afrikanerkultuur ook te help uitbou.

om my land te dien
As 'n burger van jou land is dit jou plig om die bodem te bewaar, die hulpbronne op die voordeligste manier te gebruik, nuwe idees vir werksgeleenthede te ontwikkel en die grondgebied teen aanvalle van buite te verdedig. Die wyse waarop jy lewe en jou dagtaak uitvoer, is ook 'n deel van die diens wat jy aan jou land lewer.

om my medemens te dien
Mense wat 'n verskil maak, is diegene wat ander dien. Jou medemens is enige mens wat jy in jou alledaagse lewe teëkom. Jy moet jou medemens se behoefte raaksien en 'n helpende hand uitsteek. Dit is 'n direkte bevel in die Bybel wat 'n Christen nie mag ignoreer nie (Johannes 15:12). In Johannes 13:1 17 wys Jesus ons hoe om diensbaar te wees toe Hy Sy dissipels se voete gewas het.

om die Voortrekkerkode na te leef
Dit beteken dat jy elke dag sal probeer om die Voortrekkerkode in jou lewe waar te maak: by die huis, tussen jou maats, in die skool en op die sportveld.

Jy moet hierdie belofte woord vir woord ken en jy moet die inhoud daarvan verstaan. Dit plaas 'n verantwoordelikheid op jou en dit sal selfdissipline van jou vra om dit uit te leef.

As jy bereid is om hierdie belofte uit te leef, gaan jy saam met duisende ander Verkenners 'n aktiewe en opwindende lewe tegemoet: 'n lewe wat jou gaan laat koers hou volgens vaste beginsels. Daar is baie mense in Die Voortrekkers wat hierin vir jou 'n rolmodel kan wees. Jy sal vorentoe in jou Voortrekkerloopbaan ook met ander beloftes te doen kry, wat jy net so ernstig moet opneem. Voorbeelde hiervan is die Staatmakerbelofte, Offisiersbelofte en Heemraadsbelofte.

Ander belangrike beloftes vir my as Christen is:
* Die belofte wat ek aflê met my belydenis van geloof
* Die belofte wat ek aflê met my huwelik
* Die belofte wat ek aflê wanneer ek my kinders laat doop

Jy kan dit doen, want 'n gemotiveerde Verkenner gryp die geleentheid aan!